

234/92

CG

SAAKNOMMER: 375/91

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak van:

EUNICE NKABINDA

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: HEFER, F H GROSSKOPF et VAN DEN HEEVER ARR

AANGEHOOR: 23 NOVEMBER 1992

GELEWER: 27 NOVEMBER 1992

U I T S P R A A K

VAN DEN HEEVER AR

Appellant, 'n 35-jarige vrou, het op 16 Augustus 1989 in die Hillbrow landdroshof skuldig gepleit en is skuldig bevind daaraan dat sy op 15 Augustus 1989 handel gedryf het in 750 gram dagga ter oortreding van a 2(a) van Wet 41 van 1971. In ondervraging deur die hof het sy erken dat sy twee vuurhoutjiedosies vol dagga aan Tshabalala verkoop het vir R2,50 stuk en met die res ook wou handeldryf. Na skuldigbevinding is borg aan haar toegestaan en die saak uitgestel vir vonnis na 6 Oktober, toe dit geblyk het dat sy geen vorige veroordelings het nie.

Die betoë ten aansien van vonnis is so deur die landdros aangeteken:

"BESKULDIGDE

Vra nie 'n swaar straf nie. Daar is geen verskoning vir die daad nie. Ek voel skaam. Ek verdien R150 per maand. 5 Kinders Man werk nie. Kinders woon in Natal. Ek het R800 borg betaal en nog R150 by my. Ek verkoop sedert begin Augustus dagga. Ek het probeer geld bymekaar maak om huis toe te stuur. Weet is onverskoonbaar.

STAATSAANKLAER M.B.T. VONNIS

Ernstige misdaad. Kom baie voor. Veral in hierdie omgewing. Aansienlike hoeveelheid

dagga. Vra gevangenisstraf."

Die landdros het haar gevonniss tot 48 maande gevangenisstraf waarvan 20 maande opgeskort is "vir 5 jaar op voorwaarde beskuldigde word nie skuldig bevind aan oortreding a 2(a) of 2(b) Wet 41/1971 gepleeg gedurende opskortingstermyn en waarvoor sy tot meer as 6 maande gevangenisstraf gevonniss word met of sonder die keuse van 'n boete".

In sy redes vir vonnis het die landdros beklemtoon dat handeldryf in dagga 'n ernstige oortreding is en dat die misdryf op groot skaal voorkom.

Op appèl na die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling is die vonnis op 7 Desember 1990 verminder na 12 maande gevangenisstraf plus 18 maande gevangenisstraf opgeskort vir dieselfde tyd en op dieselfde voorwaardes as deur die landdros bepaal. Die rede vir inmenging met die landdros se vonnis was die

"disparity in the sentence imposed by the magistrate and the sentence that I would have

imposed as a court of first instance",
inagnemend die appellant se berou en die rede waarom sy
in die daggahandel betrokke geraak het.

Die appèl in hierdie hof gaan uitsluitlik
daaroor of gevangenisstraf 'n gepaste vonnis was, en of
'n poging aangewend behoort te gewees het om appellant
buite die gevangenis gepas te laat boet vir haar
oortreding.

Die betrokke wetgewing soos dit in 1971 gelui
het, was drakonies. Betekenisse is aan woorde toegedig
wat geen woordeboek sou aangee nie. Die swaar verpligte
vonnisse het dikwels uitloop op onbillikheid, veral
omdat geen onderskeid gemaak is tussen dagga wat vir
eeue al in Afrika gebruik is, en meer moderne,
vervaardigde, gevaarliker dwelmstowwe nie. Die
onbillikheid is mettertyd getemper, ook deur erkenning
in Wet 76 van 1978 dat dagga-oortredings op 'n ander
grondslag behandel kan word as dié waarby gevaarliker
stowwe betrokke is. Dat die bepaling wat dié onderskeid

maak in 1986 herroep is, was omdat dit nie langer nodig was nie: die voorskrifte wat die hof se diskresie ten opsigte van vonnis aan bande gelê het, het weggeval. Ondanks die gedeeltelike herinstelling daarvan deur Wet 78 van 1990 (gedeeltelik, omdat die aard van die straf wat vir handeldryf opgelê kan word voorgeskryf word, sonder dat 'n verpligte minimum bepaal word) het die hof vandag 'n diskresie wat vir praktiese doeleindes ongebonde is ten aansien van vonnis. Elke veroordeelde kan gestraf word met behoorlike inagneming van die besondere feite van die geval. Dit net terloops, want die oortreding in die onderhawige saak is gepleeg voor die inwerkingtreding van die 1990 Wet.

Die landdros het, ter ondersteuning van sy redes dat appellant 'n ernstige oortreding begaan het, onder meer op S v GIBSON 1974 (4) SA 478 (A) 481 gesteun. Daar het Holmes AR, na verwysing na die wetgewer se oogmerke en die kwaai verpligte vonnisse wat voorgeskryf is, op bl 481 H gesê het dat "a supplier for

gain may in general be regarded as a vicious person who needs to be put down". In die onmiddellik daaropvolgende passasie wys hy egter juis daarop dat die destyds verpligte vonnisse kon lei tot "tragic hardships" en dat die wetgewer se benadering

"cuts across traditional consideration of mitigating and reformative factors in a particular case ... This unduly puts all the emphasis on the punitive and deterrent factors of sentence, and precludes the traditional consideration of subjective factors relating to the convicted person".

Waar die wetgewer sedertdien die howe vrygemaak het om na die tradisionele benadering tot vonnisbepaling terug te keer, het die hof a quo ook fouteer in sy aanname dat die uitgangspunt moet wees (met verwysing onder meer na beslissings van vóór die ontwikkeling waarna verwys is) dat direkte gevangenisstraf aangewese is vir daggahandel:

"If any broad guideline is to be gleaned from them" (besliste sake waarna die hof verwys is) "it is that the offence is sufficiently serious to generally warrant a sentence of imprisonment with a portion thereof being suspended".

So 'n "broad guideline", indien dit wel bestaan, was nie die gepaste maatstok vir die huidige geval nie. Die kleinhandelaar in dagga is dikwels onbesonne omdat hy onkundig is oor die redes waarom die gebruik van dagga verbied word en nie boosaardig nie. Appellant se oortreding ressorteer eerder onder die kader van gevalle soos S v LAKAJE 1990 (2) SASV 515 (O) as ander gevalle waar die motief vir handeldryf slegs hebsug is. Niemand sou, inagnemend die onbetwiste feite wat sy ter versagting aangevoer het, die etiket van "vicious" om haar nek kon hang nie. Afgesien van die faktore in haar guns wat deur die hof a quo genoem is, word haar oortreding met minder afkeur deur die gewone mens beoordeel as handel in kokaine of mandrax of soortgelyke stowwe. Daar is geen aanduiding dat haar optrede uitermate skadelik was nie - byvoorbeeld dat sy kinderkliënte gehad het, of klandisie probeer werf het, nog minder dat sy iemand aangemoedig het om met dagga te

eksperimenteer.

Ek sien geen nut daarin om hierdie vrou na die gevangenis te stuur nie, ondanks die misnoeë waarmee handel in dagga deur die wetgewer bejeën word. Afskrikking en hervorming kort sy self **prima facie** nie.

Ek meen nie dat 'n boete vir haar die aangewese straf is nie, gesien die feit dat dit juis armoede en gesinsverpligtinge was wat haar in die eerste plek laat oortree het. 'n Stewige opgeskorte vonnis behoort haar te oorreed dat sy ander, wettige, maniere moet vind om die gesin se inkomste aan te vul, desnoods met hulp van 'n welsynsorganisasie. Dit kan sy doen terwyl sy op vrye voet is. Sou sy onmiddellik direkte gevangenisstraf moet ondergaan, word die belange van die samelewing nie juis gedien nie, want haar kinders én sy sal dan op staatskoste onderhou word.

Die appèl slaag. Die vonnis in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling opgelê, word vervang met die volgende:

"Agtien maande gevangenisstraf wat opgeskort word vir 5 jaar op voorwaarde dat beskuldigde nie skuldig bevind word nie aan 'n oortreding van a 2(a) of (b) van Wet 41 van 1971 gepleeg gedurende die opskortingstyd en ten opsigte waarvan beskuldigde gevonniss word tot onopgeskorte gevangenisstraf, sonder die keuse van 'n boete, van ses maande of langer."

L. Van den Heever

L VAN DEN HEEVER AR

HEFER AR)
) STEM SAAM
 F H GROSSKOPF AR)